

Nikodemus - 'n Desperate man.

Johannes 3: 1-5 / 27 Jan 2019

Skriflesing en Prediking:

Johannes 3: 1-5 (bl. 125)

1.

Broers en susters, gemeente.

In die teksgedeelte wat ons vandag saam gelees het, het ons 'n man met die naam **Nikodemus** ontmoet. Ons lees dat hy 'n fariseër en een van die Joodse Raad was.

Dit beteken dat Nikodemus 'n baie belangrike persoon was.

Ons lees baie in die Bybel van Fariseërs, maar ons besef nie altyd dat hulle deel uitgemaak het van Israel se leierskorps nie. Volgens beraminge was daar slegs **6000 fariseërs in die hele Israel.** Maar afgesien van dié feit word ons ook vertel dat Nikodemus deel was van die Joodse raad. En dit is nog 'n trappie hoër as net 'n gewone fariseër. Navorsing vertel ons dat die Joodse raad slegs **70 lede gehad het.** **Slegs 70, uit die hele Israel.**

- Met ander woorde, hierdie Nikodemus was nie 'n gewone man nie.
- Hy was deel van Israel se elite.
- Hy was 'n geleerde man met baie invloed en mag.
- Hy sou oor baie eer en aansien beskik het – almal in Israel sou sy naam geken het. Net 'n bietjie verder lees ons dat Jesus daarna verwys dat Nikodemus deur die hele Israel bekend was.

In vandag se wêreld sou Nikodemus miskien 'n minister of parlamentslid wees.

2.

Maar weet u wat, ten spyte van sy rykdom, ten spyte van al sy status en eer, ten spyte van sy goeie reputasie en mag was Nikodemus 'n **desperate man**. Sonder om te veel te spekuleer kan ons met redelike sekerheid sê dat sy gemoed in sy skoene was.

- Dalk was hy **emosioneel en geestelik** uitgeput.
- Dalk was hy moeg vir al die **wete en regulasies wat die Fariseërs** moes nakom.
- Dalk was hy moeg vir die **politiek en alles wat daarmee saam gaan**.

Hoe dit ook al sy – Nikodemus was opsoek na antwoorde, na sin in sy lewe, na 'n nuwe begin.

Ons kan met sekereheid weet dat Nikodemus desperaat was omdat die teksgedeelte ons twee leidrade gee ten opsigte van sy se gemoedstoestand.

- Die eerste is voor die handliggend. Vers 2 van die teksgedeelte vertel ons dat **Nikodemus Jesus in die nag gaan besoek het**. Dit sou die geval wees omdat Nikodemus gevrees het dat ander mense hom sou sien. Ons moet onthou dat die Jode in magsposisies oor die algemeen gekant was teen Jesus. Net in Johannes 7 lees ons dat almal oor Jesus gefluister het juis omdat hulle bang was vir die Jode. Sou iemand Nikodemus saam met Jesus gewaar sou hy in groot moeilikheid wees. Hy sou sy posisie in Israel kon verloor, selfs sy lewe sou bedreig wees. En tog neem Nikodemus hierdie ongelooflike risiko om Jesus te sien en te raadpleeg. Slegs 'n desperate man sou die risiko's neem. (Net so kantopmerking voordat ons aan beweeg – Johannes vergelyk die duisternis met lig in die kort versie. Nikodemus beweeg vanuit die duisternis na Jesus wat die enigste ware lig is.)
- Tweedens kan ons met sekerheid sê dat Nikodemus desperaat was **aan die hand van die aanspreekvorm wat hy vir Jesus gebruik**. Hy noem Hom "Rabbi". Met die eerste lees klink dit nie vreemd nie, totdat ons besef dat dit 'n gelaaide woord is. Dissipels of leerlinge het gewoonlik hulle leermeester "Rabbi" genoem. En hier gebruik Nikodemus die selfde aanspreekvorm wat impliseer dat hy baie **respek en ontsag vir Jesus het**. In daardie tyd was dit geheel en al ondenkbaar. 'n Geleerde man wat deel maak van die room van Israel sou nie 'n man soos Jesus "Rabbi" noem nie. Net in Johannes 1 vers 46 staan daar dat nadat Filippus vir Jesus vind hy Nataniël roep om hom die goeie nuus te vertel

en dan antwoord Nataniel “*kan daar uit Nasaret iets goed kom*”. Verder vertel Johannes 7 vers 15 ons dat Jesus ’n *ongeleerde man* was. Israel se elite sou nie met die seun van ’n timmerman gesels nie – Jesus was te ver onder sy stand. En tog gaan staan Nikodemus met sy hoed in sy hand voor Jesus. Hy verlaag homself tot op die vlak van Jesus – nee nog meer, hy plaas homself onder Jesus.

So sien ons broers en susters dat Nikodemus so **desperaat is vir antwoorde, vir sin tot sy bestaan, vir ’n nuwe begin dat hy verby Jesus se geboorte, sy status en reputasie kyk**. Hy plaas sy hele bestaan op die lyn om met Jesus te praat. Hy neem hierdie ongelooflike groot risiko en met sy hoed in sy hand staan hy voor Jesus.

3.

En dan maak hy ’n stelling. Hy sê: “**ons** weet dat u ’n leermeester is wat van God afkom, want niemand kan hierdie wondertekens doen wat u doen, as God nie by hom is nie.”

Nie “**ek**” nie maar “**ons weet**”. So amper asof hy agter die menigte wil skuil. In ’n sekere sin bely hy wie Jesus is – dat Jesus van God is – maar hy verstaan nie heeltemal die implikasies daarvan nie. **Dit is slegs lippetaal – woorde wat nog nie ingesink het nie**. Woorde wat nog nie sy hart verander het nie. Dit is ’n belydenis – ’n diepe geloof wat nog nie sin tot sy bestaan voeg nie, wat hom nog nie die nuwe begin gegee het waarna hy smag nie.

4.

En Jesus sien dit raak. Alhoewel Nikodemus slegs ’n stelling **maak oor wie Jesus is beantwoord Christus hier ’n vraag wat diep in sy binneste spook**.

- Jesus sien die desperaatheid in Nikodemus se oë.
- Hy sien dat Nikodemus worstel en spook met wie Jesus is.
- Hy sien dat Nikodemus sin tot sy bestaan soek.
- Hy sien dat Nikodemus ’n nuwe begin soek.

Jesus antwoord dan die vraag wat in Nikodemus se hart spook deur te sê:

Jy sal slegs sin tot jou bestaan kan voeg in die koninkryk van God. Slegs in die koninkryk van God sal jy 'n nuwe begin kan kry. Daar sal jy 'n lewe kan leef wat waarde het, wat 'n verskil maak – nou, hier op aarde, maar ook tot in alle ewigheid.

Net so een of twee opmerkings oor die koninkryk waarvan Jesus praat.

- Hierdie koninkryk is soos geen ander koninkryk voor dit nie. Dit is nie 'n koninkryk wat **sy oorsprong op aarde aan mense te danke het nie**, maar 'n koninkryk wat God vanuit die hemele hier op aarde deur Jesus kom vestig het.
- Hierdie koninkryk **werk nie soos aardse koninkryke waar die mens en sy behoeftes op die voorgrond gestel word nie**. Nee, die koninkryk funksioneer aan die hand van **beginsels wat God deur Jesus kom ten toon stel het**. Beginsels van onvoorwaardelike liefde en selfverloëning. Die burgers van die Koninkryk van God lewe met die wete dat God in beheer is, nie die mens nie. Hulle lewe met die wete dat hulle in alles van God afhanklik is, en nie aan die noodlot oor gelaat is nie.
- Die koninkryk is nie net iets wat daar ver in die toekoms is nie. Nee, **Jesus het hierdie alternatiewe realiteit met sy koms na die aarde reeds hier, nou, gevestig**.

5.

Die vraag wat egter ontstaan is: “hoe kan ek en jy, saam met Nikodemus toegang tot God se koninkryk kry?”. Hierdie koninkryk het God ter wille van ons geskep, dit kry ons, deur genade en liefde. **Maar hoe kan ons elke dag in die strate van hierdie nuwe Jerusalem loop.**

Jesus sê: “slegs die wat nuut gebore word sal die koninkryk van God sien.”

Vir Nikodemus sou die uitspraak van Jesus skokkend wees. Ons sien dit duidelik in sy reaksie in vers 4. *Hoe kan 'n persoon wat al oud is weer in sy moederskoot kom om gebore te word.*

Jou geboorte was vir die mense van die Bybel die belangrikste faktor as dit by jou eer en status binne die samelewing gekom het. Hierdie status was 'n gegewe. As jy gebore was en deel uit maak van die elite, was jy vir die res van jou lewe deel van die stand. So was dit ook met dood gewone mense. Hierdie status was met hulle vir die res van hulle lewe.

Om 'n eietydse voorbeeld te gebruik: Klein prins George wat nou gebore is, het binne die Britse bestel 'n sekere status. Dit is 'n gegewe. Sonder dat die pap babetjie iets gedoen het het hy dit verkry. Sy status as 'n adellike het hy vir die res sy lewe.

Sou jy nuut gebore word sou dit hierdie status waarom jy beskik geheel en al verander. En dit is waarvoor Nikodemus so terug deins. Die nuwe geboorte en nuwe status wat daarmee gepaard gaan sal **elke faset van jou lewe beïnvloed en verander. Vir 'n persoon soos Nikodemus sou dit nie 'n goeie vooruitsig wees nie. Hy sou net verloor.**

5.

Daar is egter nog 'n dieper dimensie tot die teks. 'n Dimensie wat Nikodemus nie in Jesus se woorde optel nie. **Dit is 'n dimensie wat hierdie wedergeboorte iets maak waarna 'n mens verlang.** So verstaan is dit nie iets negatiefs waartydens 'n mens net verloor nie, maar eerder iets positiefs waartydens jy soveel meer in ruil verkry.

Die woord wat ons met “*nuut gebore*” vertaal is in die Grieks “*anóthen*”. Dit beteken ook “*weer/oor*”. Die Griekse woord “*anóthen*” het egter 'n dubbele betekenis. Dit beteken ook “*van bo af*”.

Met ander woorde. Wanneer Jesus sê dat Nikodemus nuut of weer gebore moet word praat hy nie net van 'n gewone, aardse geboorte nie. Hy impliseer dat 'n persoon van “*bo af*”, of “*vanuit die hemele*” nuut gebore moet word.

Wat verder impliseer word, is dat jy **nie status verloor nie maar eerder status en posisie bykry. Want deurdát jy van bo gebore is beteken dat jy 'n nuwe Vader gekry het.** Die wat vanuit die hemele 'n nuwe lewe leef het in die proses kinders van

God geword. Nou het hulle die hoogste moontlike status. Hulle is kinders van God. Hulle het hemelse status.

Dit is waar dat Nikodemus aardse status sou verloor, **tog sal hy in ruil daarvan 'n kind van God word.** Dan het hy hoogste moontlike status en posisie.

In die antieke tyd was daar net een verskynsel wat vergelykbaar was met dit wat Jesus hier aan Nikodemus verduidelik. **Soms het dit gebeur dat ryk en magtige families slawe aanneem.** Die slaaf sou dan sy vorige lewe agterlaat en die naam van sy nuwe familie aanneem. In die proses sal hy die selfde status en voorregte verkry.

Dit is presies wat Jesus voorstel – **dat ons saam met Nikodemus ons slawe bestaan agter sal laat, en God sal toelaat om ons aan te neem sodat ons kinders van God kan word.** Anders gestel, **ons moet ons aardse burgerskap opsê en God toelaat om ons in te lyf in Sy koninkryk sodat ons as volslae burgers kan leef.**

5.

Natuurlike is dit baie makliker gesê as gedaan. Ons sit sekerlik met die selfde vraag as Nikodemus?

- **Hoe word 'n mens van bo af nuut gebore?**
- **Hoe kan jy hierdie hemelse wedergeboorte ondergaan en beleef?**
- **Is dit maar net 'n besluit wat jy neem en dan is jy nou maar 'n wedergeborene?**

Dalk sou die beter vraag wees: Is ek en jy wedergeborenes?

Amper asof Jesus ons en Nikodemus se onsekerheid raaksien kwalifiseer hy sy stelling verder. Hy sê: *“Dit verseker ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie.”*

Met ander woorde, ons kan slegs toegang tot God se koninkryk kry indien ons weedergebore word. Dit is nie maar net 'n besluit wat jy neem nie. Nee, dit is slegs moontlik deur die **“Water en deur die Gees”**.

Die vraag na wat die **“water en Gees” in werklikheid beteken is ’n saak waaroor daar al baie gedebatteer is.** Baie teoloë en kundiges gee verskillende verklarings vir hierdie teksgedeelte. En so verstaan gemeentelede ook die teksgedeelte op verskillende maniere.

- Tradisioneel het mense **gedink dat die water en die Gees waarvan Jesus praat verwys na die doop.** In ’n sekere sin is dit korrek. In 1 Korintiërs 12: 13 asook Titus 3: 5 verbind die doop en die ontvangs van die Heilige Gees met mekaar. En net in die volgende hoofstuk van Johannes word vertel dat Jesus en Johannes die Doper mense doop. Sou ons egter stel dat ’n weedergeboorte slegs deur die doop moontlik is, loop ons op dun ys. Netso is dit baie moeilik om te stel dat slegs gedooptes toegang tot God se koninkryk het. Wat van die Jood wat tot bekering kom langs Jesus aan die kruis. Sê Jesus nie aan hom: *“jy sal saam met my in die paradys wees”* nie.
- Die tweede manier waarop mense die teks verstaan het ook waarde. **Daar word gestel dat die water waarvan gepraat word na vrugwater verwys en dus na ’n aardse geboorte. Die Gees verwys weer op sy beurt na ’n geestelike geboorte.** Lees die teks egter mooi sien ons dat Jesus nie “water” en “Gees” teen mekaar afspeel nie. Nee, Jesus sê dat beide nodig is vir ’n wedergeboorte waardeur toegang tot die Koninkryk verkry word.
- Dan is daar ’n derde moontlikheid. Navorsers is dit redelik eens dat dit die korrekte interpretasie is. So is ek oortuig dat dit die korrekte interpretasie is. Om dit egter te verstaan moet ons die hele evangelie van Johannes baie aandagtig lees, en veral die vertelling van Jesus se kruisiging. **Johannes 19 vers 30 vertel ons dat toe Jesus sterf sy kop op sy bors gesak het, en toe het Hy sy asem uitgeblaas.** Die Griekse woord wat egter gebruik word, is *“pneuma”* wat ons ook met **Gees** kan vertaal. Lees ons net bietjie verder maak die soldate seker dat Jesus dood is deur Hom met ’n spies te steek. En dan kom daar nie net bloed uit Jesus se sy nie maar **water**.

Met ander woorde, wanneer Jesus praat van “*water en Gees*”, en dat ’n mens slegs daardeur ’n weedergebore kan word verwys Jesus na sy eie kruisiging.

Slegs die wat glo in Jesus as die Seun van God wat ter wille van die mensdom gekruisig is is werklik wedergeborenes. Die sin wat ons in vers 5 vind kan ook so lees: “*Dit verseker ek jou: as jy nie glo in my en my versoeningsdood nie, kan jy nie as weedergebore die koninkryk van God ingaan nie.*”

Baie eenvoudig gestel: **die wat glo in Jesus en sy versoeningsdood is wedergeborenes - hulle het toegang tot God se koninkryk.**

In Nikodemus, die desperate man se geval. **Hy sal slegs antwoorde vind, sin tot sy bestaan voeg, ’n nuwe begin verkry indien hy heelhartig glo in Jesus as God en sy kruisiging en opstanding. Dan sal hy as weedergeborene God se koninkryk gemoed gaan. Hier op aarde, elke dag tot en met die voleindiging van die wêreld.**

6.

Ek stem saam dit is ietwat ingewikkeld. Maar laat ons dit saam vat en van toepassing maak op ons.

Uit die teksgedeelte, die kort 5 versies, het ons drie goed geleer. Ons het iets van ons self geleer. Ons het iets van God geleer, en ons het geleer hoe ons met mekaar moet werk.

- In die eerste **plek kan ons maar ons naam daar waar Nikodemus staan inskryf. Soos hy is ons ook desperaat vir sin en vir ’n nuwe begin. Soos hy het ons ook ’n verharde hart.** Dit ervaar ons daaglik – in ons verhoudings, by die werk, by die skool, waar ook al. **Ons moet egter die soeke, verwaring en angs na God neem.** Op ons eie vind ons nie antwoorde nie. Dit is nie in ons nie, maar by God. Dit vereis egter dat ons daardie een tree na Jesus moet maak nadat hy 1000 tree na ons gegee het. En ons kan maar weet, hy wag vir ons. Nooit draai hy sy rug op die wat na Hom roep. Mag dit elke dag se versugting wees.

- Tweedens leer ons **dat God liefdevol en genadig is**. Hy sien dat die waarheid nie in ons is nie, en daarom stuur hy Jesus na die aarde om sy koninkryk te vestig. In hierdie nuwe bestel het ons toegang tot God. Deur die water en die Gees, of eerder deur die Kruis kan ons nou God nader. Ons is nou nie meer weeskinders sonder eer nie, maar kinders van God, koninkrykskinders, kinders van die nuwe Jerusalem met hemelse eer en status. Glo ons dit, weet ons dit verloor ons nie alles nie, maar kry ons eerder die lewe in ruil.
- En laastens. Hoeveel van die mense wat ons pad kruis loop met dowe, desperate oë. Hoeveel van hulle soek antwoorde? Hoeveel van hulle smag na 'n nuwe begin? Hoeveel van hulle soek sin in hulle lewe. **Laat ek en jy die rigtingwyser word. Laat ek en jy saam met die vreemdeling, hand in hand, soos Nikodemus voor Jesus gaan staan.** Dan sal ons vind dat ons nie meer desperaat is nie maar vol hoop en vrede. Amen